GEBED OM VRYMESSELAARSVLOEK TE BREEK

"Jesus Christus, in U naam, neem ek nou outoriteit oor al die magte van die duisternis wat deur Vrymesselary en al sy vertakkinge asook spesifiek die York rite, die Skotse rite en die Egiptiese rite werk. Ek neem nou outoriteit oor en bind die prinsipaliteit Hiram Abiff (die valse Christus) en dan ook die hoofdemone Ja-bhu-lon, die Vrymesselaarsgees, Oblaharim en Reggi, Gees van die Antichris, Gees van New Age, Lucifer, Baal, Jezebel, Hoogmoed, Onleerbaarheid, enige Gees van Heksery ("Withcraft"), Baphomet, Gees van die Dood, die Queen of Heaven, AUM (Brahma, Vishnu and Shiva), Kundalini (of die vals Heilige Gees), al die demone van die Egiptiese mitologie (spesifiek Isis, Osiris en Horus) asook Misleiding, Verwarring, Mind-Control, die Leuengees, Manipulering, Beheer, Dominering en Intimidasie.

Ek bind julle en seël julle af in 'n geestelike "bubble", ek sny julle los van julle opdraggewende kragdemone en prinsipaliteite. Julle sal geen krag kan trek of uitstuur van enige bron, element, objek, demoon, mens (hetsy op aarde of in die heelal) nie. Julle sal geen boodskappe kan ontvang of uitstuur nie.

Jesus Christus, ek verklaar dat ek Vrymesselary en enigiets wat daarmee verband hou en waarin my voorgeslagte betrokke was verwerp, dit beskou as afgodery en dit teruggee vir die vyand (Satan).

Ek verklaar dat ander verwante organisasies soos die "Girl guides", die "Boys scouts", die "M.O.T.H.S", die "Round Table" en die Rotariers as frontorganisasies vir die Vrymesselary opereer en daarom ook onder die Vrymesselaarsvloek ingesluit is. Ek verwerp hierdie organisasies dus ook as boos en verklaar dat ek en my gesin niks daarmee te doene wil hê nie.

Jesus Christus, in U naam, vergewe ek elkeen van my familielede en voorgeslagte wat vantevore (of nog steeds) in Vrymesselary betrokke is. Ek spreek hulle ook volkome vry. (Indien ek self in Vrymesselary betrokke was vergewe ek ook myselfen spreek myself vry.)

Ek sny nou alle onheilige sielsbande tussen my en enige van my voorouers wat betrokke was of is in Vrymesselary. Ek sny dit emosioneel, geestelik, fisies en psigies en die vyand sal geen toegangsreg meer hê om deur middel van hierdie onheilige sielsbande enige invloed op my of my gesin en hulle kinders verder uit te oefen nie.

Jesus ek vra dat U U kruis plant tussen my en my voorouers wat in Vrymesselary betrokke was. Ek vra dat U dit beseël met U bloed en vra ook dat U hulle vryspreek en vergewe vir hulle sonde weens hulle betrokkenheid in Vrymesselary en die vloek wat dit op hulle nageslagte meegebring het.

Elke verbond, ooreenkoms, handeling, handgebaar, begroeting met hande, gedig, gesang, gekodeerde boodskap, aandenking, toekenning, sertifikaat asook elke bevordering, beskerming en bevoordeling wat enige van my voorouers geniet het weens hulle betrokkenheid in Vrymesselary, elke simbool, elke kledingstuk, elke funksie, elke byeenkoms, elke ring, elke voorskoot, elke tas, elke banier, elke ritueel, elke graad ("degree") en elke ander aspek wat nie genoem is nie maar wat van toepassing is, verklaar ek nietig in die naam van Jesus Christus. Ek verwerp dit met my gees, siel en liggaam en gee dit terug vir die vyand. Dit sal geen verdere invloed op my, my eggenote of my kinders en hulle kinders tot in alle ewigheid hê nie.

Ek verwerp die tempelpillare Jagin en Boas asook die drie pillare wat op die eerste graad ("tracingboard") voorkom naamlik "Faith, Hope en Charity".

Ek breek enige rite (hetsy dit die Skotse, York of Egiptiese rite is) af in die naam van Jesus Christus en gee dit terug vir die vyand. Ek verklaar myself slegs onder die bloed van Jesus Christus en afgeseël deur Sy genade. Dit sluit my gesin en hulle kinders in tot in alle ewigheid.

Elke saad en elke vloek wat deur demoniese werking en as gevolg van Vrymesselary in my, my eggenote of my gesin geplant is, sal nou sterf en nie verder wortelskied nie. Dit sal kragteloos word en ek verklaar dit nietig in die naam van Jesus Christus.

Ek spreek nou ook in outoriteit die Lewis vloek, wat as gevolg van Vrymesselary oor'n bloedlyn kom, aan. Ek verwerp en breek elke vorm van die Lewis vloek in die naam van Jesus Christus. Elke geestes-, emosionele- of fisiese siektetoestand (waaronder nek- en rugprobleme, migraines, gewasse, alle vorme van kanker, spastiese kolons en verwante kolonsiektes, bloedsiektes, siektes wat die spiere aantas, senuweesiektes, artrites, onvrugbaarheid, miskrame, aborsies, die ontydige dood van mense, die dood van babas en kinders, huwelikskonflik, die opbreek van verhoudings, die onvermoë om geestelike deurbrake te beleef en te groei, geestelike agteruitgang, verwarring en misleiding, neigings tot selfmoord, depressie asook finansiele armoede) word in die gees geneutraliseer deur die werking van Jesus Christus se bloed en vir die vyand teruggegee. Ek beveel enige saad van liggaamlike of psigiese siektes wat in my siel en liggaam geval het om nou te sterf en dit sal geen verdere wortel skied of effek hê op enige van myself, my eggenote en my kinders tot in alle ewigheid nie.

Ek verwerp alle hoogmoed, trots, eiewysheid, hardkoppigheid, onleerbaarheid en selfverheerliking as afgodery en verklaar dat Jesus Christus die enigste ware God is. Ek verwerp ook enige vergoddeliking van mense of strukture en trek terug dat ek en/of my voorgeslagte voor hulle gebuig en aan hulle eer betoon het.

Ek verwerp die lering dat alle gelowe eintlik maar dieselfde god aanbid (dit is die New Age siening) en verwerp alle verering van Satan as die "Grand Architect of the Universe" en/of enige ander benaming van Satan wat op dieselfde neerkom. Ek verklaar dat daar net een ware God is en dit is die opgestane Jesus Christus as deel van God drie-enig: Vader, Seun en Gees. Ek verklaar dat ek en my nageslag slegs hierdie een duidelik onderskeibare God aanbid en alle ander gode wat daarmee in stryd is verwerp. Ek verwerp ook enige vorm van son- of maanaanbidding. Ek en my nageslag het net een Meester en dit is Jesus Christus as deel van

God drie-enig en ons weier om die knie voor enige ander god (wat 'n demoon is in Satan se ryk) te buig.

Ek verklaar dat die vloek van Vrymesselary nou geheel en al oor my en my gesin gebreek is.

AMEN"

_____

Nota vir dissipels van Jesus:

- Dit is baie belangrik om na afloop van die gebed vir die teenwoordigheid van demone in die persoon te toets aangesien die demone nie noodwendig outomaties sal loop gedurende die gebed nie.
- Dit is ook baie belangrik dat daar vir die moontlike teenwoordigheid van brokstukke getoets word aangesien ons al verskeie kere ondervind het dat sommige brokstukke juis weens Vrymesselary in persone werksaam is.